

18 Februarie

Skrifgedeelte: Johannes 14:1-21
Fokusgedeelte: Johannes 14:3,16
HK, Vraag 49

Die waarborge van Jesus se hemelvaart

Ons Here Jesus is die groot Hoëpriester wat vir ons by God intree. Hy het medelye met ons swakhede (Heb 4:14, 15) en Hy bid vir ons by die Vader. Dit het Hy reeds in sy hoëpriesterlike gebed (Joh 17) vir ons gedoen toe Hy op aarde was. Die eintlike plek waar Hy ons Hoëpriester is, is in die hemel. Daar bid Hy, vandag nog, vir ons as sy kinders op grond van wat Hy vir ons op aarde gedoen het. Onthou elke dag dat ons Here Jesus vir ons bid. Hy bid vir jou as gelowige in jou besondere omstandighede.

Christus het ons menslike natuur aangeneem (Sondag 14). Hy was vlees en bloed soos alle mense, maar met sy hemelvaart het Hy ons menslike natuur as 'n pand ('n betroubare waarborg) met hom saamgeneem en so is ons menslike natuur wat gesondig het en waarvoor Hy gesterf het, in Christus in die hemel verteenwoordig. Hierdie pand wat ons in die hemel het, is die betroubare waarborg dat Jesus ons as sy kinders na Hom toe sal neem. Waar die Hoof is, daar sal ook die lidmate kom, "sodat julle ook kan wees waar Ek is" (Joh 14:3). As gelowige het ek die sekerheid dat Hy vir my 'n plek in die Vaderhuis gereed gemaak het.

Vanuit die hemel gee Jesus egter aan ons 'n ander Trooster, sy Heilige Gees, as 'n teëpand om by ons te bly tot in ewigheid (Joh 14:16). Deur die krag van die Heilige Gees, wat ons as waarborg ontvang het, soek ons na die dinge wat daar bo is, waar Christus aan die regterhand van God is. Die Heilige Gees vernuwe ons lewens elke dag sodat ons verlang na die dag wanneer Christus weer kom om al sy kinders by hom te vergader.

Ds. Pieter J van der Walt (Bethlehem)

~~~~~